

26 Maart

Romeine 4:13-25

(Teks: 4:21)

God maak die onmoontlike moontlik!

Hoe dink jy oor God? Die manier hoe ons praat, verrai dikwels hoe ons oor God dink. Ons sê maklik: "My probleem, my hartseer is net te groot. Niemand kan help nie."

Kom kyk weer na Abraham se lewensomstandighede: Aan die een kant die *hopeloosheid* van sy situasie; aan die ander kant die *hoopvolheid* van die geloofsman. Hy was 'n ou man van sowat honderd jaar wie se liggaam reeds gedaan was. Letterlik staan hier: Sy liggaam het reeds *gesterf!* En Sara? Sy was te oud om kinders te hê. Die oorspronklike taal praat van die *doodsheid* van haar moederskoot! Maar ten spyte van hul omstandighede, "het hy nie in ongeloof begin twyfel aan die beloftes van God nie".

Hoe kry hy dit reg? Was hy dalk iets soos 'n "super-gelowige" - iemand wat ons maar net kan droom om te wees? Nee! (*lees vers 21*). Hy het hom nie blind gestaar teen sy hopelose situasie nie. Hy het, met sy geloofsoë, dwarsdeur dit gekyk en 'n ander Werklikheid raakgesien - die Almagtige God, die God wat dooies lewend maak en dinge wat nie bestaan nie, tot stand bring deur sy woord. En dan gebeur die wonder: God se belofte oor sy talryke nageslag word bewaarheid.

Abraham het reg oor God gedink. Hy het 'n geloofsvisie op Hom gehad. Hy het God op sy woord geneem.

Jy het ook beloftes van God ontvang - die belofte van Jesus Christus se oorwinning oor dood en doodsmagte, van die Heilige Gees, dat Hy sy kinders enduit sal bewaar.

Neem God op sy beloftes, die God wat die onmoontlike moontlik maak.

Sing Psalm 33:5

Ds. H.C. van Rooy (Bethulie)